

Kommer oor 'n merkwaardige komkommer

Die erdvarkkomkommer (*Cucumis humifructus*) is een van die wêreld se interessantste plante. Dit is aangeteken oor 'n wye gebied wat strek van Suid-Afrika, deur Botswana, Angola en Zambië tot by die Demokratiese Republiek van die Kongo. Ondanks die wye verspreidingsgebied, is daar bitter min rekords van die plant. Kommer bestaan dat die plant in onlangse tye stil-weg in Suid-Afrika uitgesterf het. Die laaste bekende plek waar die besondere komkommer gevind is, is in die Modimolle-omgewing, nie ver van Alma. Bevestigde waarnemings van die plant is ongeveer 20 jaar gelede deur personeel van die Universiteit van Pretoria in dié omgewing gemaak.

Soos wat die volksnaam aandui is die erdvarkkomkommer met die erdvark geassosieer. Die meeste plaaslike rekords kom uit dele van die Waterberg waar daar nog erdvarke is. Plante groei in diep, fyn, sandgrond in vol son, gewoonlik in die omgewing van erdvarkgate. Daar is niks bogronds wat die unieke aard van die plant verrai nie. Mens moet spesifiek daarvoor oplet om dit te identifiseer. Vervolgens 'n kort beskrywing van die plant.

Hierdie is 'n eenjarige komkommer wat in die somer plat op die grond rank, met blare wat aan die van 'n lemoenpampoentjie herinner. Dit dra geel blomme en gekrulde hegrankies wat kenmerkend vir lede van die komkommerfamilie is. Maar dit is waar die konvensionele aard van die plant eindig. Nadat die vroulike blomme bestuif en bevrug is, buig die blomstele afwaards en druk die jong vrug ongeveer 250 mm diep die grond in. Wanneer dit diep genoeg in die grond is begin die vrug uitswel om 'n ronde komkommer van omtrent die grootte van 'n lemoenpampoentjie te vorm. Aan die einde van die groeiseisoen sterf die bogrondse dele van die plant af en laat geen spoor dat daar komkommers diep onder die grond agtergelaat is nie.

Enigste manier wat die plant se saad kan versprei is as 'n dier die komkommers uitgrawe en vreet. Dit is hier waar die erdvark in die prentjie inpas. Op 'n tot nog toe onbekende wyse het die erdvark die vermoë om die vrugte 250 mm onder die grond uit te snuffel. Hulle grawe dan die komkommers uit en vreet die slymerige inhoud van die vrugte met pitte en al. Die erdvark begrawe sy mis (wat meestal uit sand bestaan) soos 'n kat op plekke naby erdvarkgate. Die komkommerpitte beweeg onbeskadig deur die spysverteringskanaal van die erdvark en word dan as't ware deur die dier op sy misplekke geplant. Hier ontkiem die saad na goeie reëns en begin die lewensiklus van die plant van voor. Sonder die saadverspreidingsrol van die erdvark sterf die komkommer uit. Maar interessant genoeg is die erdvark nie van die komkommer afhanklik nie. Erdvarke vreet hoofsaaklik miere en soms ook termiete.

Omdat die erdvarkkomkommer bogronds soos net nog 'n wilde komkommer lyk, moet mens die ranke van volwasse plante versigtig oplig en kyk of hulle los is, of plek-plek met wat lyk soos 'n stewige wortel aan die grond vasgeheg is. Hierdie "wortels" is die vrugstele wat afwaards in die grond groei en waaraan die vrugte gedra word. Meegaande foto's wys 'n rank wat gedeeltelik oopgegrawe is om die ontwikkelende vrugte te wys.

Maar die erdvarkkomkommer is nie alleen van die erdvark afhanklik nie. Dit verkies ook oop, sonnige dele. Die grootskaalse transformasie van die bosveld wat reeds vir etlike jare besig is om plaas te vind, sal na verwagting die voortbestaan van talle plante en diere uiters nadelig raak, ook dié van die erdvarkkommekommer. Onoordeelkundige bestuurspraktyke en veral die onderdrukking van veldbrande het daartoe gelei dat daar vandag in meeste dele van die bosveld veel digter stande van houtagtige plante is as onder natuurlike toestande. Vir die behoorlike funksionering van die bosveldekostelsel is gereelde veldbrande nodig.

Lesers van hierdie berig word genooi om enige moonlike rekords van, of inligting oor, die erdvarkkomkommer onder die aandag van Prof. Braam van Wyk te bring: e-pos braam.vanwyk@gmail.com; telefoonnommer (012) 807 4391.



1131: Rank van erdvarkkomkommer met grond gedeeltelik verwyder om die wit vrugstele wat afwaards in die grond groei, te wys. Aan twee vrugstele het die komkommers begin uitswel.



1132: Blaar van erdvarkkomkommer met hegranke en blomme.



1133: Byna volwasse erdvarkkomkommer (wit) aan die punt van die vrugsteel waar dit ongeveer 250 mm diep in fyn sandgrond ontwikkel.

<Die einde>